Sondag 5 April

Skrifgedeelte: Eksodus 12:31-40

Fokusgedeelte: Eksodus 12:31 (AFR83)

Die Here is groter as al die uitdagings in jou lewe

Ná die geweldige ramp wat die tiende plaag vir die totale bevolking van Egipte meegebring het, het gesindhede meteens radikaal verander. Al die Egiptenare was nou diep onder die besef van die HERE, die God van Israel, se beskikking oor lewe en dood. Daarom is daar meteens 'n groot ywer om Israel uit die land weg te kry ... *"anders is ons almal dood"* (vs. 33).

So haastig moes die volk uit Egipte wegkom dat hulle selfs nie hulle brood vir die pad kon laat rys nie. Hulle moes trek met ongesuurde en ongerysde deeg, wat hulle ook in komende jare moes herinner aan hulle swaarkry en die haas waarmee hulle uit Egipte weg is (Deut. 16:3).

Let op die wonderlike manier waarop die HERE in sy almag op "klein" en "groot" dinge ingegryp het om die bevryding van sy volk moontlik te maak:

- Die verandering van Farao se hart waardeur die swaar slawejuk ná 430 jaar van Israel se skouers afgelig is.
- Farao se kleinlike onwil om die volk deur nege plae heen te laat trek word nou verander in 'n groot haas om die volk sommer nóú te laat gaan.
- Onder normale omstandighede sou die mense van Egipte nouliks iets van hulle juweliersware en klere met hulle Joodse bure wou deel. Nou gee hulle met groot, oop hande wat die vertrekkende bure ook al gevra het ... omdat die HERE harte verander het en gesorg het dat die Egiptenare aan sy volk goed doen.

Jy dien 'n wonderlike God wat totale beheer het oor klein en groot dinge. Praat met Hom oor al die uitdagings in jou lewe. Gee dit biddend in sy hande. Vertrou Hom daarmee. Wees vir Hom gehoorsame kinders. En staan verwonderd oor die bevrydende dinge wat Hy om Christus wil ook op jou lewensreis berei!

*Sing: Psalm 138-1:1, 2, 3, 4*

*Ds. JJ (Koos) Cloete (Emeritus)*